

# Die donkie se liggaamsdele

## Oë

Soos by die perd, sit die donkie se oë aan weerskante van die kop. Dit beteken dat die donkie nie so goed vorentoe kan sien nie. Gevolglik moet jy 'n donkie van die kant af benader sodat hy jou kan sien en nie sal skrik nie. Donkies is minder gespanne as perde, maar hulle natuurlike reaksie is om te skop om hulself te beskerm.

## Ore


Donkies se ore is groter en langer as dié van 'n perd

## Bek

Die bek is groot en sag. Die ouderdom van die dier word geskat deur na die tande te kyk

## Kambeen

Die kambeen is die hoogste punt op die donkie se rug, tussen die skouerblaaië. Sommige donkies het 'n duidelike donker kruis langs die ruggraat af tot by die stert, en oor die kambeen.



## Bene

Die donkie se bene is sterk en gevolglik kan hy, hoewel stadiger, baie verder as 'n perd loop.

## Hoewe

Perde, donkies en muile se hoewe is enkelvoudig, anders as diere met gesplete hoewe soos varke, bokke, skape en beeste. Die donkie se hoef is veel kleiner as dié van 'n perd. Hoewe is baie hard en is soos die mens se vingernaels. Indien hulle nie gereeld deur 'n hoefsmid gevyl word nie, word hulle te lank en kan breek of skeef groei, wat die donkie mank sal maak. Dit is glad nie seer as die hoewe korrek gesny word nie.

## Haarbedekking

Sommige donkies se haarbedekking raak in die winter baie dik en lank om hulle warm te hou. By gesonde donkies val die dik hare gewoonlik in die somer uit, en die somerhare is dunner, blink en glad.

## Die stert

Die donkie se stert is lank en yl, en is 'n belangrike afweermiddel vir insekte en vlieë.

## Die maanhare

Donkies se maanhare is gewoonlik kort en regop, vanaf die kop tot by die kambeen. Sommige donkies het lang, sagte maanhare maar gewoonlik is dit korter as dié van 'n perd.